DEEL 116 | WEEK 47 | 22 NOVEMBER 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Nuwe uitbreiding sonder basiese dienste

’n Groep mense het onlangs ingetrek op die terrein waar ’n nuwe residensiële uitbreiding wat op Heilbron beplan word, maar hul vreugde oor ’n eie erf word versuur deur die afwesigheid van basiese dienste. Volgens raadslid Phillip van der Merwe se kennis het die inwoners erwe ontvang, maar tot op hede is daar geen water- of elektrisiteitsvoorsiening nie, en riooldienste is nog glad nie in plek nie.

Water word met moeite vanaf ’n gemeenskapskraan langs die Oranjeville-pad gehaal, en inwoners is net voorsien van emmers vir sanitasie – sonder enige strukture waarin dit gebruik kan word. Hierdie omstandighede plaas inwoners in onmenslike en haglike toestande, veral in ’n tyd waar sanitasie van kritieke belang is.

Robert Ferendale, raadslid en lid van die Demokratiese Alliansie (DA) in die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, het op 10 Oktober ’n mediaverklaring uitgereik waarin hy klem lê op die dringende uitfasering van die emmerstelsel in gebiede soos Moherapeng 1 & 2, Greenfield en dele van Wyk 5 in Phiritona. Volgens hom is dit skokkend dat inwoners steeds onder sulke vernederende toestande moet leef, terwyl nuwe ontwikkelings soos Uitbreiding 10 ook geen beter beplanning toon nie.

"Hierdie growwe minagting van menswaardigheid is onaanvaarbaar," het Ferendale gesê. "Ons sal die munisipale bestuurder skriftelik nader en eis dat die Departement van Menslike Nedersettings onmiddellik ingelig word om oplossings te implementeer."

Tydens ’n DA-oorsigbesoek aan die gebied het inwoners vertel dat sommige emmers vir tot drie maande nie verwyder is nie. As gevolg hiervan moet hulle gate in hul tuine grawe of oop stukke grond gebruik om menslike afval te stort. Vir ’n bejaarde inwoner is die situasie so ernstig dat sy jong seuns in die area betaal om haar emmer leeg te maak wanneer dit vol is.

’n Ander inwoner het beskryf hoe hierdie haglike toestande hul daaglikse lewens beïnvloed en hul gesondheid in gevaar stel. "Ons voel asof ons heeltemal vergeet is," sê hy moedeloos.

Die verklaring noem dat munisipale amptenare beweer dat daar wel dreinerings- en waterlyne is, maar dat hierdie infrastruktuur nog nie aan die hoofstelsel gekoppel is nie. Inwoners van Uitbreiding 10 sal waarskynlik ook afhanklik wees van die emmerstelsel totdat verdere werk gedoen word.

Die DA het ’n beroep gedoen op die munisipaliteit om dringend op te tree en basiese dienste te herstel. "Ons sal nie rus voordat hierdie probleem opgelos is nie," het Ferendale beklemtoon. Intussen bly vrae aan die munisipale bestuurder onbeantwoord, en die gemeenskap se geduld raak al hoe dunner.

Met geen konkrete planne in sig nie, word die lewens van die inwoners van Phiritona en die nuwe ontwikkeling by Uitbreiding 10 steeds gekniehalter deur die gebrek aan behoorlike infrastruktuur.









# AfriForum-tak knap dié erfenisterreine in Heilbron op

AfriForum se Heilbron-tak het die afgelope maand hand aan die ploeg geslaan en twee belangrike erfenisterreine in dié Vrystaatse dorp skoongemaak. Die Riemland-museum, in die hartjie van Heilbron wat die storie van hierdie dorp en sy mense vertel, sowel as die Heilbron-konsentrasiekampbegraafplaas waar meer as 1 120 bejaardes, vroue en kinders tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) gesterf het, is opgeknap.

Die museum se gras is gesny, vullis is opgetel en die plaveisel en paadjie om en voor die museum is skoongemaak. 'n Totaal van 22 halfton-sakke vullis en gesnyde gras is verwyder.

By die konsentrasiekampbegraafplaas is die grafte skoongemaak, gras is netjies gesny en dooie blare is verwyder. Hier is 18 halfton-sakke gras, blare en vullis verwyder. Volgens Alta Pretorius, AfriForum se streekskoördineerder in die Mooirivier-streek, is begraafplase 'n skakel met die verlede. "Ons is dit aan die mense wat hier ter ruste gelê is, verskuldig om die terrein met waardigheid te behandel en dit in stand te hou," verduidelik sy.

"Dit is wonderlik dat die tak moeite doen om ons erfenis te help bewaar. As ons dit nie self doen nie, sal ons erfenis nie vir die nageslag behoue bly nie. Lede van die gemeenskap wat 'n helpende hand wil bied, is baie welkom," sluit Pretorius af.

Raak vandag nog by Heilbron se AfriForum-tak betrokke en help om jou gemeenskap te verbeter.

Kontak Paul Bergh by 081 354 3073.


***Alta Pretorius***
*Streekskoördineerder: Mooirivier, AfriForum*
*Sel: 081 392 2071, E-pos: alta.pretorius@afriforum.co.za*
***Ilze Nieuwoudt***
*Mediaskakelbeampte, AfriForum*
*Sel: 066 103 6499, E-pos: ilze.nieuwoudt@afriforum.co.za*







# Ngwathe begin Data-Skoonmaak veldwerk

Die Ngwathe Munisipaliteit het onlangs 'n veldwerkprojek geloods om hul data op te dateer en onnodige rekeninge uit te skakel. Hierdie inisiatief is noodsaaklik voordat die oorgang na die Metsimaholo Munisipaliteit plaasvind. As deel van die veldwerk sal munisipale werknemers huisbesoeke doen om data te versamel. Hulle vra inwoners om saam te werk deur volledige toegang tot hul water- en elektrisiteitsmeters te gee. Die doel is om seker te maak dat meters akkuraat werk en om enige onwettige verbindings of foutiewe meters op te spoor. Om veiligheid en vertroue te verseker, sal die werknemers 'n naamkaartjie hê, met die Ngwhate logo asook hulle name. Hulle sal ook drie vorms hê, 'n water vorm, elektrisiteit vorm en "data cleansing" vorm. Indien inwoners onseker is oor die egtheid van die werknemer, word hulle aangemoedig om Julene Labuschagne te kontak vir verifikasie of enige vrae. Die munisipaliteit doen 'n beroep op alle inwoners om die veldwerkspan te ondersteun, aangesien hierdie proses belangrik is vir die doeltreffende bestuur van die gemeenskap se hulpbronne en dienste.


Ngwathe
DATA CLEANSING FIELDWORK QUESTIONER 2023/4
PERSONAL INFORMATION
WATER
ELECTRICITY
SEWERAGE/BUCKET/VIP
REFUSE REMOVAL
DEBTOR TYPE
Finance control sheet Adjusted on finance system.
Yes No
If yes comment on changes.




REMINDER
2024 / 2025
Neem asb kennis dat die Heilbron Herald se winkel sluit 19 Desember om 13:00 en heropen DV 6 Januarie 2025 om 07:30.
Die fabriek sluit 13 Desember 2024 en heropen DV 8 Januarie 2025.
Herald
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Office National

# UIT DIE PEN: Week 48



Ek dink vandag sommer aan Jan. Jannieman, soos ek hom altyd genoem het, was 'n algemene werker in ons gebou. Sy familie het in Soshanguve gebly. Sy vrou en drie kinders. Hy het die plek ingeneem van 'n ouerige, ongeskikte oom toe dié afgetree het.

In die week het hy in 'n buitekamer iewers geslaap, want hy wou eerder geld spaar as om elke aand of elke naweek na sy gesin toe te ry. Soms het hy oortyd gewerk en die ekstra geld was vir hom goud werd. Jannieman was 'n pragtige, bedagsame man.

Wanneer hy die asblikke kom leeg maak het, het hy met 'n groot glimlag by my kantoor ingekom. "Hallo, juffrou." Ons het dan oor eergister se krieketwedstryd gesels of oor Saterdag se rugby. Hy het vir my nes Mapimpi gelyk, en soms het ek hom so genoem. Dan lag hy sy wye lag en stoot sy bors so effens uit.

Een Maandagoggend kry ons die boodskap dat Jannieman dood is. Sommerso. Hy het deur die nag bloed gebraak en is vroeg die oggend dood aangetref. In sy buitekamer.

Jannieman se plek was leeg. Jeff, sy kollega, het altyd van "daai mannetjie" gepraat. Jannieman daai mannetjie. 'n Paar dae later het ons vir hom 'n klein diens in ons ouditorium gehou. Ek het nog met my krukke soontoe gesukkel.

Daar was mooi blomme voor op die tafel, 'n groot foto van Jannieman en 'n spierwit kers. Jannieman se onmiddellike hoof en die hoof van die maatskappy waar hy gewerk het, het elk 'n huldeblyk gelewer. Jannieman was net een paaiement kort, dan sou sy gesinshuis in Soshanguve klaar betaal wees.

Ek was baie hartseer oor Jannieman se heengaan. Twee dae daarna is daar 'n nuwe "Jannieman" aangestel. Nie asof die werk moet wag totdat almal klaar gerou het nie. Die lewe gaan aan.

Maar wat van so bietjie deernis, het ek gedink.

Verlede week was ek deel van 'n onderhoudspan. Vier evalueerders en die man van HR. Eerste aan die beurt is 'n pragtige vrou. Sy ken nie die fynere detail van die werk nie.

Tweede is 'n dame wat vir jare met 'n soortgelyke stelsel gewerk het. Sy vertel dat daar rassiste in haar vorige werk was, dat die regering vrot is en dat sekere prosesse sommer nonsens is. Wat 'n teleurstelling, dink ek, want ons het haar kwalifikasies en ondervinding raakgesien. Sy het soos 'n handskoen gepas. Net jammer dat sy ook vertel het van haar vorige werkgewer wat die swakste ooit was.

Daarna is daar nog 'n vrou wat kennis van die werk het, maar dit klink of sy dit moeilik gaan implementeer en dat sy min praktiese ondervinding het.

Na afloop van die onderhoude gee elke paneellid sy punte en ons bespreek die kandidate. By nabetragting vra een van die paneellede uit na die eerste pragtige vrou. "Ons moes vir haar gevra het waar haar gesin as prioriteit inpas. As sy bereid is om haar werk bò haar gesin te kies, moet ons haar dalk oorweeg."

In vergaderings praat ek gewoonlik nie veel nie, maar toe ek daardie opmerking hoor, is ek stomgeslaan. Dis waar die probleem lê, dink ek.

Ons werk en ons werk en ons sloof onsself af vir die werk ten koste van jou familie. Ironies genoeg sal dit net jou familie wees wat sal weet wat jy alles vir jou werk opgeoffer het. Want hulle het jou nooit gesien nie. Jy het dalk genoeg geld huis toe gebring, maar jou tyd was beperk tot kort geselsies. En nee, daar is nie iets soos "eerder kwaliteit tyd as kwantiteit tyd" nie. Vir wie flous jy?

Wanneer jy die dag dood neerslaan, onder andere van spanning wat jou hart aangetas het of nog erger, jou brein se bloedvate, raak jy nes Jannieman.

Jou kollegas is vir twee dae verslae oor jou dood, hou 'n kort huldeblyk, laat raam 'n groterige foto wat hulle agterna vir die familie gaan gee, en brand 'n groot, wit kers. Dan is dit asof jy jou hand in 'n emmer water gesteek het en weer uitgehaal het. Daar is geen gat nie, dis klaar gevul. Nou wonder ek oor die opmerking tydens die onderhoud.

Is dit regtig voordelig vir 'n maatskappy as iemand aangestel word wie hulle gesinslewe eerste stel? Natuurlik kan ons ook die kerk-antwoord gee: Die Here kom eerste, dan my gesin, daarna my werk. Wat vir ons klink soos die logiese volgorde. Vir die doel van hierdie skrywe neem ek aan dat die Here eerste kom.

Maar jou gesin vòòr jou werk? Dis mos verkeerd. Die dag wanneer jy jou werk verloor en wanneer jy aftree, het jy juis die goeie verhoudinge met hulle nodig.

Ek dink ek moet byvoeg dat die twee persone wat oor die gesinsprioriteit gepraat het, reeds afgetree is. Sou hulle werklik dieselfde gevoel het indien hulle nou net 'n toevoeging tot hulle gesin beleef het? 'n Splinternuwe baba wat ouersorg nodig het, vir wie daar elke aand 'n storie gelees moet word. Iemand na wie se rugby- of netbalwedstryde gekyk gaan word. Daar wag dalk 'n konsert of twee. Prysuitdeling. Net tye wat ma of pa naby is met 'n drukkie. Daarmee sê ek nie dat ouers verlof moet neem vir elke bakatel nie.

Ek wonder net of dit jou 'n beter kandidaat maak indien jy jou gesin eerste gaan stel, maar steeds jou werk doen?

Rus in vrede, ou Jannieman Mapimpi. Jy was 'n vriendelike en hulpvaardige staatmaker. Ek hoop jou gesin het jou gereeld gesien en dat jy hulle *hero* was soos wat jy my *werkshero* was.

# OK Foods dra by tot Hoërskool Heilbron se sportveld

Hoërskool Heilbron het onlangs 'n welkome toevoeging tot hul sportfasiliteite ontvang danksy die ruimhartigheid van Jaap Lee, seun van Koos en Elna Lee, en 'n trotse ondersteuner van plaaslike ontwikkeling. Die inisiatief het ontstaan toe Pieter Baan, verteenwoordiger van die dorp se krieketspan, Jaap genader het om hulp te vra met die oprigting van wit skerms vir die krieketveld. Hierdie skerms sou die sigbaarheid van die bal verbeter tydens wedstryde, 'n behoefte wat lank reeds geïdentifiseer is. Sonder enige huiwering het die span by OK Foods onder leiding van Pieter Pienaar (bestuurder) en Jaap, ingestem om die projek aan te pak en die bal aan die rol gekry. Hoewel die aanvanklike versoek van die dorp se krieketspan gekom het, het Jaap besluit om die skerms aan Hoërskool Heilbron te skenk. Sy motivering? Sy vaste geloof dat 'n belegging in skole ook 'n belegging in die gemeenskap is. "Ek het 'n besigheid in hierdie dorp en ek glo daarin om terug te gee. Sport speel 'n groot rol in kinders se lewens, en as dit net een kind kan help, maak dit my hart bly," verduidelik Jaap. Jaap is 'n vurige ondersteuner van sport en glo in die positiewe impak daarvan op jongmense. Hierdie skenking is 'n bewys van sy toewyding aan plaaslike ontwikkeling en sy passie om die jeug te ondersteun. Die gemeenskap van Heilbron het groot waardering vir Jaap se gebaar. Sy voorbeeld dien as inspirasie vir ander in die gemeenskap om ook 'n verskil te maak. Met hierdie bydrae sal Hoërskool Heilbron se sportfasiliteite nie net verbeter nie, maar ook 'n ruimte bied waar jong sportleiers hul vaardighede kan slyp en hul drome kan najaag.




Op die foto vl: Armand Smith (dorpskrieket Kaptein), Jaap Lee (eienaar van OK Foods), Pieter Baan (organiseerder) Danie Coetzer (Skole Krieketafrigter), Graimund Grand (skole afrigter) en Pieter Pienaar (Bestuurder by OK Foods).

# Vet pret by Playball afsluiting







*Die klank van kinderstemme en laggies het Vrydag die lug gevul toe Suné Pienaar haar Playball-kinders bederf het tydens hul jaarafsluiting. Die dag was gevul met opwinding en vreugde, waar kinders op glybane gegly, op springkastele gespring en heerlike lekkernye geniet het. Na 'n jaar van harde werk en toegewydheid aan Playball, het die jong spelers hierdie geleentheid gehad om hul energie vry te laat en net kind te wees. Suné het gesorg vir 'n onvergeetlike ervaring, waar die kinders, sorgvry, kon speel en hulself geniet. "Ons is trots op wat elke kind hierdie jaar bereik het en wou hulle op 'n spesiale manier bedank," het Suné gedeel. Die gelukkige atmosfeer het 'n perfekte afsluiting gebring voordat die weer opgesteek het. Hierdie afsluitingsgeleentheid is 'n herinnering aan die belangrikheid van balans tussen harde werk en speel – iets wat Playball steeds vir kinders bied.*










WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00

VRYDAE: 07:30 - 16:30

SATERDAE: 08:30 - 13:00

Herald

Office National

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za





# Fynproewers kuier gesellig saam

Op Saterdag 16 November het die fynproewers bymekaar gekom vir hul jaarlikse Kersete. Die tafels was feestelik gedek. Na 'n ekstreme misverstand en kommunikasie-fout met die beplande spysenier maak die aand 'n u-draai na pizza en stokkie roomys. Dankie aan Sanjo's wat op ons noodroep gereageer het met aflewering van pizzas. Nogtans is die oomblik van saamwees geniet en daar is lekker saam gesels om 2024 mee te kon afsluit. Soos Wilna Adriaanse sê: "Die lewe bring nie altyd presente met groot veelkleurige linte nie. Die *magic* lê in die klein oomblikke." Daar is ook vier nuwe lede ingehuldig. Die Benninks en Krugers is nou deel van die gilde. Met dankbaarheid kyk ons terug op 'n jaar vol genade. Met afwagting kyk ons wat 2025 vir ons inhou en wat se verrassing daar gaan wees. Die Fynproewers skop Februarie 2025 weer af met hul jaarlikse verrassingsaand. Almal word 'n geseënde Feesgety toegewens.



*Op die foto agter vl: Julia en Heinrich Kruger. Voor vl: Liaani en Wolter Bennink.*

# Gift Roets neem deel aan Hollywoodbets Joburg 10km

*Gift Roets, 'n bekende naam in die drafgemeenskap, het op 16 November weer sy uithouvermoë en talent ten toon gestel deur aan die Hollywoodbets Joburg 10km deel te neem. Hierdie jaar het 'n groepie Heilbronners hom vergesel om ook deel te neem. Gift, wat al verskeie kere die koerant gehaal het vir sy indrukwekkende hardloopprestasies, is steeds besig om sy merk in hierdie sport te maak. Die Hollywoodbets Joburg 10km, wat een van Suid-Afrika se mees ikoniese padwedlope is, trek jaarliks duisende deelnemers. Die roete bied 'n kombinasie van uitdagende heuwels en pragtige uitsigte oor die stad van goud. Deelnemers begin en eindig in die hartjie van Johannesburg, met die atmosfeer wat aangevuur word deur skare ondersteuners en lewendige musiek langs die pad. Gift het nie net die uitdaging aanvaar nie, maar ook met oorgawe deelgeneem, wat sy onophoudelike toewyding aan die sport weer bevestig. Sy vasberadenheid en liefde vir hardloop inspireer steeds talle mense in die gemeenskap. "Om aan hierdie wedloop deel te neem, is altyd 'n spesiale ervaring," het Gift gesê. "Dit is nie net oor die kompetisie nie, maar ook oor die mense wat jou aanmoedig en die gevoel van samehorigheid wat jy ervaar."*










HERALD *Sport*

# Route 66 Eagles oortref teenstanders met 7 paaltjies





*Op die foto vl: Irfan Arshad en JJ Joubert.*

Die Route 66 Eagles het hul krag op die krieketveld getoon deur 'n oorwinning van 7 paaltjies te behaal in hul onlangse wedstryd teen Heilbron se dorpspan. JJ Joubert en Russel Loft het 'n stewige grondslag gelê met hul kolfwerk, vir Heilbron. JJ Joubert het die skare beïndruk met 'n vinnige 49 lopies, terwyl Russel Loft 32 lopies bygedra het om die Heilbronspan se telling op 127 te plaas. Hoewel Route 66 die teiken kon bereik, het dit meer moeite geverg as verwag, grootliks as gevolg van die uitstekende boulwerk van Loft, Arshad, en Joubert, wat die opposisie beperk het.
JJ Joubert het nie net met die kolf uitgeblink nie, maar ook met die "bowl". Hy het een paaltjie geneem teen slegs 22 lopies, wat sy algehele bydrae tot die span se sukses onderstreep. Sy prestasie is tereg beloon met die titel van speler van die wedstryd.
Heilbron Krieketspan sal die naweek teen Sharpeville kragte meet by Verref in Vereeniging. Die Heilbron-span beklee tans 'n stewige derde plek op die puntelys uit nege spanne en hoop om hul posisie verder te versterk.






# Kleuterkasteel kuier by Heilbron Herald





*Kleuterkasteel het Vrydag 'n spesiale draai by Heilbron Herald gemaak, om ons te help om ons kersboom pragtig te versier, vir die kersboom-projek. Die pienkvoete se versierings laat die boom ekstra spesiaal lyk!*








Boek en betaal voor 9 Des '24 enige advertensies in 'n 2025 koerantuitgawe en betaal die kersuitgawe se prys! Slegs geldig vir kliënte wat in kersuitgawe plaas.

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 25 NOVEMBER 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 26 NOVEMBER 2024
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

WOENSDAG - 27 NOVEMBER 2024
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
STANDERTON AANTEEL veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

DONDERDAG - 28 NOVEMBER 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

VRYDAG - 29 NOVEMBER 2024
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956